

31 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 112 (NAV)

Fokusgedeelte: Psalm 112:7

Lekker slaap!

'n Mens kan nie slaap as jy onrustig is nie, nie waar nie? Daar is so baie redes waarom ons onrustig kan wees: bekommernisse oor hulle vir wie ons lief is, probleme waarmee ons worstel, die onsekerheid van die toekoms, ons sondeskuld ... 'n Goeienagwens mag so goed bedoel wees, maar dit neem onrustigheid nie weg nie.

Psalm 112 teken die lewe van 'n regverdige, 'n kind van die Here, as 'n lewe vol seëninge op allerhande terreine. Die gelowige se lewe is van hoek tot kant vol genadegawes van God, en een daarvan is om gelowig-rustig te kan wees. Daarmee bedoel die digter nie dat 'n mens moet maak asof daar niks is om oor ongerus te wees nie. Nee, 'n gelowige kan gerus wees alleen omdat hy op die Here vertrou. In die hand van die almagtige God rus ons hele lewe, en Hy beskik werklik alles ten goede vir sy kinders. Hy is immers die getroue Verbondsgod wat die heerlike beloftes van sy sorg en liefde nakom en waar maak.

'n Mens kan dus maar gerus wees en ons hoef nie te vrees nie. Buitendien, vandag is nie 'n dag vir slegte nuus nie, maar wel vir die goeie nuus van die evangelie van Jesus Christus. God wil vandag weer die blye boodskap laat hoor dat Jesus Christus die Saligmaker is, die Verlosser van elkeen wat in Hom glo. Met hierdie goeie nuus in die oor en in die hart kan jy maar gerus wees, want Jesus het gekom om vrede in jou hart te bring.

Stel jou volle vertrou in die Here, dan sal jy, ten minste in jou gemoed, 'n rustige nag hê.
Sing: Psalm 4:4 Ds Arnold H Mulder (Krugersdorp)